## *Week 8: Bely, belééf en vertel (Belydenis van geloof en van sonde)*

***26 Mei – 1 Junie***

1. Mens tot mens: In hierdie week hou ons weer ’n algemene verkiesing. Deel met mekaar julle gedagtes en vrese oor die verkiesing en die politiek van ons land. Hoe weerspieël my gedagtes oor die toekoms van die land my verwagting dat God sal sorg en dat Hy in beheer is? Hoe kan my verhouding met God en my geloof my in hierdie tyd help om nader aan God te beweeg?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

2. Mens tot God. Wat is daar uit ons alledaagse lewe in die politiek, of sommer net ons daaglikse bestaan waar ons God se hand duidelik sien en waaroor ons Hom kan loof en dank? In die alledaagse kan ons sien hoe die Here ons versorg. Vertel vir mekaar waar en hoe die Here die week met jou besig was. Kom ons dank Hom daarvoor.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Lees **Ps 28:6 & 7** as ’n deel van ons lof aan die Here, vir sy liefde en sorg.

   Aan die Here kom die lof toe,<br>
   want Hy het my smeekstem gehoor.<br>
   Die Here is my sterkte en my beskermer,<br>
   op Hom het ek vertrou.<br>
   Hy het my gehelp.<br>
   Daarom is ek bly en wil ek Hom loof met my lied.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. Lees 1 Tim 3:14 – 16. Wat is die kern van hierdie kort belydenis oor Jesus in vers 16?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

5.1 Hoe kan ons hierdie belydenis oor Jesus baie persoonlik maak? Sê nou maar iemand sou jou in die straat stop en vra dat jy vir hom moet sê wat jy oor Jesus glo, wat sou jy antwoord?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5.2 Hoe kan ek met die kennis wat ek van God het en oor sy werk in my lewe met oortuiging teenoor iemand anders kan getuig? Om ’n getuie van Jesus se liefde te wees is een van die noodsaaklike geestelike dissiplines wat my opbou in my verhouding met die Here. Wat is die hindernisse in mense se lewens waarom hulle nie maklik of spontaan kan getuig nie? Wat is *jou* grootste struikelblok? Hoe kan ons mekaar hiermee help?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5.3 Om my skuld te bely is ook een van die geestelike dissiplines wat my geloof kan opbou. Watter rol speel belydenis van sonde in ’n mens se verhouding met God? Hoe raak dit my verhoudinge met ander mense?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? _____________________________________________

____________________________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? ______________________________________

____________________________________________________________

6.3 vir mekaar? _________________________________________________

____________________________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen?

Skryf in twee kort sinne die opsomming van jou geloof neer. Dink met wie jy hierdie belydenis in die week wat voorlê kan deel.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________